

### **Portefulje: Regulerende stelsels en administrasie.**

Baie dankie vir die geleentheid om op die raad te dien. Dit bly 'n verantwoordelike taak om besluite namens ander te neem en veral om hierdie besluite ten uitvoer te bring, maar ek glo die raad het weereens gepoog om almal se belange na die beste van sy vermoë te dien.

Die afgelope jaar kon ons daarin slaag om die verandering van reëls te beperk tot een keer per jaar soos ons graag wil en ek glo daar was minder verwarring as gevolg hiervan.

Die nuwe klasse soos deur die skou komitee voorgestel is geimplimenteer by die Streekskoue en die Nasionale skou. Dit het sonder groot probleme byval gevind en die tydelike reëls sal deur die AJV en eerste Raadsvergadering daarna bespreek en goedgekeur of verander word. Voorstelle deur die beoordelaars paneel ten opsigte van Klasbeskrywings en Beoordelings prosedures was ook getoets en sal voorgestel word.

Aangesien stamboek nie meer die webblad self gaan bedryf nie is ons beplanning vir 'n nuwe uitleg bietjie vertraag, maar ek glo die nuwe privaat kontrakteur sal binnekort aan ons 'n beter gebruikers vriendeliker diens kan lewer sonder noemenswaardige kosteverhoging.

Veranderinge aan die grondwet soos op die AJV goedgekeur is deur Stamboek se paneel bewoord en op die Webblad aangebring.

Baie dankie aan die President wat dit moontlik maak vir die raad om in 'n hartlike atmosfeer saam te werk en waar van menig verskil te debateer tot bruikbare oplossings. Baie dankie ook aan ons sekretaresse wat alle administrasie stiptelik en presies bestuur. Ons sal dit nie sonder haar kan doen nie!

Mag ons met minder reëls, meer mense en perde gelukkig hou en so die toekoms verseker!

Verslag aan AJV 2015: Johannes Langenhoven